# "VOX LEONIS"

MARCH 1972 MAART VOL.II NO.I




# MAITLAND BO!!

# ATHLETIC DRAMA

Scenes of unbearable tension followed by scenes of wild excitement and joy were witnessed on our sports field on the 10th of March, 1972 at about 3 p.m. Dit was 'n middag wat nog lank onthou sal word in die geskiedenis van Maitland Hoër. Vir die eerste keer in jare het ons dit weer reggekry om die gesogte atletiekbeker te verower deur Ysterplaat Hoër op skouspelagtige wyse te klop, met 289 teenoor 287 punte!

## A PERFECT DAY

After the light rain earlier in the week we were greeted by warm sunshine and a cloudless sky on Friday morning. From the moment that the cheer-leaders arrived, one could sense the keen atmosphere of competition which exists between the two schools.

Ons seuns het ook vanjaar 'n nuwe sport uitrusting soos die dogters en as 'n span het ons dadelik die oog gevang. Ons nuwe skool sweetpakke lyk baie oulik.

## ONS BEGIN GOED

Sommer met die intrap het ons gewys dat ons goed voorberei was deur die eerste drie plekke in die 0.13 120 meter te verower!


**The tension** mounted as the score did until that final relay when both teams were level at 283½ points each.

## A GREAT FINISH


What a great finish to a great day. Dead silence at the start, a roar of encouragement as Gert flashes past on the first stretch of the relay.


Spanning by elke oorgee. Van Gert na Albert, na Brian, na Wynand en al wat Maitland Hoër is, spring op met 'n gejuig wat die Saterdag aand nog gehoor kon word.

Well done Maitland High, and may this be the start of more wonderful things to come.



## REDAKSIE/EDITORIAL



LEANA PIETERS - Redaktrise

ALWYN GELDENHUYS - Editor

MIEMIE WOLMARANS/PHILIP STODEL - Algemene Nuus / General News

ANDRE BESTER/DENISE BUCKLEY - Sport

RAEMEY LE ROUX - Vrouerubriek

MISS RAMSAY - Typing

MNR. SMIT - Afrolwerk

## DIE BEKER WEEREENS MAITLAND SE EIENDOM

Ons Atletiekseisoen is op Vrydag 10 Maart baie suksesvol afgesluit na 'n uiters spannende en opwindende byeenkoms teen Ysterplaat. Die beker is deur ons verower.

Daar is seker min ander skole in die skiereiland wat sulke spannende atletiek beleef het. Tot voor die laaste aflos was beide skole gelykop met 'n totaal van 283½ punte elk. Die seuns Ope Aflosspan het aan ons 'n oorwinning van 2 punte besorg. Die finale totaal was: Maitland 289 Ysterplaat 287. 10 Rekords het nuwe base gekry terwyl twee rekords geëwenaar is.

Die KO-ED byeenkoms is gekenmerk deur absolute samewerking van lede in 'n span. Ons opregte dank aan die verskillende kapteins asook 'n baie dankie aan ons onderwysers, wat gehelp het om alles so glad te laat verloop.

Ons ope seuns en dogters het baie goed gepresteer en sodoende die Ope beker gewen. Hier moet ons die 3 name van die dogters noem wat die spiesgooi gewen het. Dit is gewen deur Doreen Botha en tweede Annette Hattingh en derde Ray Bernardo. Onder die seuns kan ons nie anders as om die name van Gert en Wynand te noem nie. Gert het weereens op sy verspringrekord verbeter. Wynand het skitterend genael oor die 100 m en dit gewen in 'n rekordtyd van 11,4 sek.

Onder the juniors was daar 'n hele klompie presteerders. Hier dink ons veral aan Katzef wat skitterend genael het oor die 100 m, 120 m en 800 m. Carlo Camissa het ook heelwat punte ingeoes. Onder die dogters wil ons graag vir Maria Geldenhuys uitsonder wat skitterende tye oor die 100 m en 120 m aangeteken het.


Vir oulaas ook 'n woordjie van dank aan ons dirigente Louisa, Suzette en Rene wat die kinders so mooi aangemoedig het.

A. Bester

N.S. Net 'n woordjie van dank aan al die seuns en dogters wat so getrou kom oefen het - dit het daardie twee wenpuntjies aan ons besorg!

I hope that we will build on this performance in all the phases of school life and that the spirit of the school will become better than it has ever been.

A. van Rooyen.



## A TRIBUTE

Mr Ebersohn was principal of Maitland High School for only one year. He came to the school in January 1971 and left at the end of the year. Mr Ebersohn was promoted and is now assistant registrar at the University of the Western Cape. His former pupils hope that he will be as happy in his new career as he was with them.

Mr Ebersohn was well-liked and when word spread that he was leaving, the staff and the pupils were sad. His qualities of sympathy and understanding made him a beloved principal and he found time for all those who needed his advice. He took a great interest in sport and athletics; and the school learnt from him the great lesson that service brings happiness.

EDITOR.

## GOODBYE

We were sorry to say goodbye to our principal Mr Ebersohn, our English teacher Mrs Nassimbeni, our Afrikaans teacher Miss de Jong, and our Domestic Science teacher Miss Otto, and the three History teachers Mr Human, Mrs Meyer and Miss Engelbrecht. We miss them and hope that they will be happy in their new careers.

REDAKTRISE.

## ONS NUWE SKOOLHOOF

Na mnr. Ebersohn net 'n jaar lank by ons was, is ons almal nou baie nuuskierig om te sien hoe ons nuwe hoof lyk. Mnr. M.C. van Wyk, hoof van die Middelbare Skool op Klawer, kom volgende kwartaal as hoof na ons skool. Dat sal nie die eerste keer wees dat hy in hierdie geweste kom nie, aangesien hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het en by die Hoerskool Tygerberg in Parow onderwys gegee het.

Die seuns sal bly wees om te hoor dat ons nuwe hoof baie belangstel in rugby. Hy sal seker ook in sy skik wees as hy hoor hoe goed ons 0.19 span verlede jaar gevaar het. Hy stel ook baie belang in atletiek en sal seker in sy noppies wees as hy hoor dat ons die Ko-ed teen Ysterplaat hierdie jaar vir die eerste keer in jare gewen het.


Volgens „Die Burger" het mnr. van Wyk se vader 'n rukkie gelede tagtig jaar oud geword, dus hoef ons nie bang te wees dat hy gou van ons sal weggaan nie. Dit is dan ook ons plig om die lewe vir hom hier so aangenaam as moontlik te maak sodat hy nooit daarvan sal droom om 'n betrekking elders te aanvaar nie.


REDAKTRISE

## WELCOME

We thank Mr de Waal for acting as Principal and look forward to welcoming Mr van Wyk. We welcome Mrs Stais, Mrs Engelbrecht, Mrs Miller, Miss Viljoen and Mr Brink. We hope they will spend many long, happy years with us.

EDITORIAL






## 6 $A_1$ ONDER DIE SOEKLIG

A staan vir Anita 'n dogter so stil,
maar Engels en Wiskunde laat haar gril.

B staan vir Badenhorst 'n ware kekkelbek,
sy gaan nog eendag haar kakebeen verrek.

C staan vir Cornelia, baie lief vir eet
maar sê net „Wiskunde" en sy begin sweet.

D staan vir „Duimpie" ook genoem Lorraine,
sy's die kleinste in die skool, baie, baie fyn.

E staan vir Enna, sy maak voorwaar,
die slimste onderwyser skoon deurmekaar.

F staan vir Ford, baie lief vir lees,
maar skoolwerk doen, sal nog 'n dag wees.

G staan vir Geldenhuys - 'n naellope van formaat
sy sal nog vele rekords agter haar naam laat.

H staan vir Hester, wetenskap leer sy nie,
maar slaap al te heerlik tydens Biologie!

I staan vir „Iemand", maar nou moet ek passop,
want netnou beland ek dalk in die sop.

J staan vir Jacomina, ons ken haar nie goed,
maar hierdie Transvaler toon reeds baie moed.

K staan vir Kruger - Esme by naam
het reeds al sewe ouens se fotos geraam.

L staan vir „Lastig" soos Muriel en Rene,
maar eendag gaan hulle, hul medisyne kry.

M staan vir al die ander meisies van 6$A_1$
onthou prefekte ons trek maar net jul been.

R. Bester 6$A_1$

## MACBETH AT MAITLAND

K -nn- : He (is) a gentleman on whom I (build) an absolute trust.

A-th-ny; after a weekend: You lack the season of all natures, sleep.

B-s-l H---d: Throw (P.T.) to the dogs; I'll none of it.


M-r-us M-st-rt: (at the weekend) I must become a borrower of the night
For a dark hour or twain

1OAE boys, confronted by a test:

O horror, horror, horror! Tongue nor heart
Cannot conceive nor name thee.

Maitland staff on losing 3 trophies at Co-ed:

O, I could play the woman with mine eyes.






........ dat Anthony by die kleuresport die gras skoon aan die brand gehardloop het om 'n indruk to maak op Maria?

....... dat Deon spesiaal die skool verlaat het om te gaan werk om vir Heleen te onderhou?

....... dat Miemie haar nie onttrek het uit die atletiek omdat sy vinger-af is nie, maar been-af is, op wie? (Peter natuurlik)

....... dat vanaf Gys sy kuif gesny het en Netta sy gesig kon sien, sy al nader aan hom skuif?

....... dat 'n W.P.-kampioenbokser tevergeefs probeer om Denise se hart te steel, maar haar hart klaar vasgevang is deur Fanie by die „stock"cars"?

........ dat Magrietha se ou saans baie hard studeer by die Tegniese Kollege? Hy neem ballet.

........ dat die Blonde Transvaler elke pouse in die leeskamer wag op die nooi van sy hart, Esme?

........ since Sammy is working in the tuck-shop, the school is getting richer?

........ dat Kassie altyd Daantjie se sakgeld vra om vir Susan te staan vir „fliek".

........Marius became highly excited when Astrid asked him to hold her hand in the bioscope.

CHEERS!

# IN DIE NUUS / IN THE NEWS

Aan al die oud-leerlinge van ons skool wat verlede jaar in die Matriekeksamen geslaag het, wil ons baie geluk se en voorspoed toewens op die lang en moeilike pad vorentoe. Onthou: Aanhouer wen, maar agteros kom ook in die kraal.

---

Geluk aan Malcolm de Roubaix en sy vroutjie Maud, albei oud-leerlinge van die Hoerskool Maitland met die dogtertjie wat hulle ryker geword het.

---

Geluk aan Leonie de Roubaix wat nou onderwyseres aan die Oranje Laerskool is.

---

Geluk aan Rina Giani en Dries Janse van Rensburg met hulle troue.

---

Congratulations to Susan Geldenhuys, headgirl of 1969 who has announced her engagement.

---

Gert en Wynand was altwee opgeneem in die W.P.-Skiereiland skole atletiekspan. Mooi so!

---



DIE BLOM


Die blom is so fraai,
Die dou druppels gly so oor haar gesig.
Nou raak sy wakker.
Sy skud haar reg ....
En rek haar uit.
Sy baljaar nou heerlik saam
saam met haar maats.
As die Sonstrale
Buk agter die rant van die heuwel,
Gaan slaap sy weer
tot die volgende dag

M. Badenhorst
6A


# POET'S PAGE

## THE ZOO

Brown fluffy bear.
Cages of birds, long tails, short tails.
Big beaks, small beaks, singing sweetly.
Black and white striped zebra.
Cages of monkeys, light brown and dark brown,
With long thin tails,
Chattering monkey, silent monkeys,
Jumping here, climbing there.
Proud peacocks, tails of dazzling colours,
Less proud peacocks with dull grey bodies.
Roaring lions and growling tigers
Waiting for dinner time.




J. du Preez
7E



Giraffes with elongated necks
Yellow leopards with black spots.
Peacocks with one hundred eyes.
Feathers of the brightest colours.
Lions prowling around their cages.
Cheetahs snarling at onlookers.
Hippos in their watery beds.
Goats eating inedible solids.
Snakes hissing at each other.


K. Wilson
7E





Playful little monkeys, swinging on trees.
Hefty elephants with long, flabby ears.
Brightly coloured peacock.
Long-necked giraffe.
Lion with furry mane.
Prickly porcupine.
Slithery poisonous snakes,
Long-necked ostrich,
Sly little fox, watching over cubs.
Cheecky, talkative parrot, swearing hugely.

P. Bell
7E




CO-ED

## The Hundred Metre Sprint

Tension high,
Competitors ready
Backs arched.
Muscles taut.
Pistol clap,
Athletes leap from blocks.
Spikes dig into grass.
Legs up and down like pistons.
Arms swing furiously.
Lengthening strides.
Last 50 yards.
Burst of energy.
Arms back.
Chest out.
Breaks tape.

K. Kotze
10E



## Long distance Runner

Head up.
Eyes alert.
Shoulders back.
Ideas of triumph.
Go ...

Long strides.
Muscular ripple
Third place, second.
Each stride lapping distance
Determination.

Rounding last bend.
Final straight!
Side by side.
Watery eyes on tape.
Ten ..... five metres.

First!
Windmill arms break tape.
Exhaustion equals happiness.

M. Mostert
10A

## THE SECOND COMER

Second in the 100 metres
Second in the 200 metres
Second in the long jump
Always one better.

In the last relay all muscles work together
Pain on his face

Will this last race bring success?
Yes! Yes!
Joy
Laughter
He is the winner.


F. Smit
10 A

## Injured Athlete


Leaping forward, like a buck,
inspired by cheers of crowd,
he circles the track,
delighting the crowd.

Suddenly, unexpectedly,
Jubilation ends,
He falls, crashing down.
Shocked crowd is silent.

T. Visser 10A



# BLOKKIESRAAISEL 1 CROSSWORD




## AFRIKAANS

### AF

1. Felis ...... is die wetenskaplike naam vir leeu.
2. As dit kleur beteken, lyk dit mooi en as dit 'n blom beteken, ruik dit lekker
3. Die meeste houers van ingemaakte groente word van dié metaal gemaak.
4. 'n .......-meter word gebruik om krom (geboë) lyne mee te meet.
6. Inhoud.
7. Die naam van 'n fisikus (wetenskaplike) sowel as die eenhede waarin elektriese stroom gemeet word.
10. 'n Elektron is ......-tief gelaai.
12. Die chemiese simbool vir koper.

### DWARS

2. Op 'n gloeilampie staan gewoonlik 230 ..... , 75 watt.
5. 'n Positief-gelaaide partikel.
8. Die eenheid van elektriese weerstand.
9. 2 000 pond
11. Massa word hierin bepaal.
12. Pierre en Marie ........ was die twee wetenskaplikes wat die eerste radio-aktiewe stof ontdek het.

## ENGLISH

### DOWN

1. Felis ...... is the scientific name for a lion.
2. A flower if you smell it and a colour if you see it.
3. Most containers of canned vegetables are made from this metal.
4. An .......-meter is the instrument used to measure curved distances.
6. Content?
7. The unit in which electric current is measured as well as the name of a physicist.
10. An electron is .......-tively charged.
12. The chemical symbol for copper.

### ACROSS

2. On a bulb is sometimes written: 230 .... , 75 watt.
5. A positively charged particle.
8. Unit of electrical resistance
9. 2 000 pounds
11. Mass is expressed in .........
12. Pierre and Marie ........ were the first two scientists to isolate a radio-active substance.



# ATLETIEK

## VERSLAG OOR KLEURSPORT

Tydens ons jaarlikse kleuresport, gehou op 25 Februarie, is nie minder nie as 14 rekords verbeter, terwyl twee geëwenaar is. Die byeenkoms is deur Groen gewen, Rooi 2de en Blou 3de.

Een van die hoogtepunte van die atletiek was seker die 800 m vir dogters Ope. Dit is 'n nuwe nommer wat vir die eerste keer in ons program ingesluit is. Van die meer as tien dogters wat weggespring het, kon net ses die lang afstand en die hitte trotseer. Hierdie nommer is op 'n skitterende wyse deur 'n o.14 Dogter, Maria Geldenhuys, gewen. Haar tyd was 'n goeie 2 min 49,0 sek. Seker 'n goeie vyftien, twintig tree agter haar was Raemey le Roux en derde Francina Strydom. Baie geluk aan die ander deelneemsters wat die 800 m voltooi het.

Terwyl ons nou by die senior nommers is, moet ons ook die naam van Wynand Loubser noem. Sy tyd van 11,5 sek oor die 100 m is 'n hele 0,5 sek vinniger as die bestaande rekord.

Onder ons junior atlete was daar heelwat goeie prestasies. Weereens kan ons nie anders as om die naam van Maria Geldenhuys te noem nie. Haar tye oor die 120 m en 100 m was albei 0,9 sek vinniger as die ou rekord. Trouens, haar tyd oor die 100 m was die vinnigste onder die dogters. Anthony Katzef se uitstekende tyd oor die 120 m is 'n hele 2,1 sek vinniger as die vorige rekord.

Weereens baie geluk aan almal wat so goed gepresteer het.

Die bekerwenners was al volg:

| | | |
|---|---|---|
| Beste Presteerder | Seuns | C. Commissa |
| Beste Presteerder | Dogters | M. Geldenhuys |
| Beste Prestasie | Seuns | A. Katzef |
| Beste Prestasie | Dogters | M. Geldenhuys |

## UITSLAE

### SEUNS

100 m

0.13 W. Liebenberg (G) 13,9 sek
0.14 A. Katzef (B) 13,00 E. Rek.
0.15 E. Bernardo (B) 13,2
0.16 C. Cammissa (B) 12,4
Ope W. Loubser (G) 11,5 sek Rek.

120 m

0.13 W. Liebenberg (G) 17,0 sek
0.14 A. Katzef (B) 15,2 Rek.

200 m

0.15 E. Bernardo (B) 28,0 sek
0.16 C. Cammissa (B) 26,4
Ope W. Loubser (G) 25,0

400 m

Ope W. Loubser (G) 57,5 sek

800 m

0.15 A. Katzef (B) 2 min 26,6 sek
0.16 P. Geldenhuys (R)
Ope P. Mooney (G) 2 min 14,0 sek

1 500 m

0.16 P. Geldenhuys (R) 4 min 50,6 sek Rek
Ope P. Hall (R) 4 min 55,0 sek

Hoogspring

0.13 J. Seawood (B) 1,28 m Rek
0.14 A. Katzef (B) 1,39 m

0.15 C. Kensley (G) 1,35 m
0.16 G. Huysamer (G) 1,50 m
Ope P. Hall (R) 1,50 m

Verspring

0.14 A. Strydom (G) 4,14 m
0.15 R. Geldenhuys (R) 4,56 m
0.16 C. Camissa (B) 5,40
Ope G. Vorster (G) 6,17 m Rek.

Diskus

0.16 P. Geldenhuys (R) 28,6 m
Ope E. Horne (R) 28,85 m

Gewig

0.16 A Bester (B) 9,55 m
Ope G. Vorster (G) 10,70 m

Spies

0.16 C. Camissa (B) 36,85 Rek
Ope K. Gelderblom (G) 48,90 m

## DOGTERS

100 m

0.13 C. Cook (G) 15,3 Rek
0.14 M. Geldenhuys (R) 13,7 Rek
0.15 L. Crous (R) 14,0 Rekord E.
Ope H. Vorster (G) 14,4 sek

120 m

0.13 C. Cook (G) 18,2 Rek
0.14 M. Geldenhuys (R) 16,6 Rek

150 m

0.16 R. le Roux (G) 21,6 Rek

200 m

Ope L. Crous (R) 30,00 sek

800 m

Ope M. Geldenhuys (R) 2 min 49,0 sek Rek.

Hoogspring

0.13 C. Cook (C) 1,24 m
0.14 D. Kensley (G) 1,34 Rek
0.15 T. Swart (R) 1,30 m
0.16 D. Buckley (G) 1,35 m
Ope C. Mooney (G) 1,25 m

Verspring

0.15 M. Geldenhuys (R) 4,34 m
0.16 R. le Roux (G) 4,135 m
Ope L. Crous (R) 4,74 m Rek

Diskus

0.16 M. Wolmerans (R) 23,15
Ope S. Kemp (B) 20,45 m

Gewig

0.16 C. Heeks (R) 7,725 m
Ope D. Botha (G) 7,73 m

Spies

0.16 A. van Vliet (G) 18,4 m
Ope R. Bernardo (B) 23,35 m

---

## ONS ATLETE PRESTEER

Ons wil net vir Gert Vorster, Wynand Loubser, Pieter en Maria Geldenhuys, Anthony Katzef en Peter Hall baie geluk wens met hulle goeie deelname aan die W.P. skole-byeenkoms. Miemie Womarans sou ook deelgeneem het, maar sy het haar vinger gebreek en kon nie deelneem nie.

Two of our athletes did very well. Gert came first in the U.19 long jump event and Wynand came second in the U.17 100 m and 200 m events.

Gert het derde gekom op die W.P. Junior Byeenkoms gehou op 18 Maart. Weereens baie geluk aan hom.

Al het die ander atlete nou nie so baie goed gevaar nie, wil ons hulle ook baie gelukwens. Daar word mos gesê: „Ondervinding is die beste leermeester!"

## RUGBY

Ons 0.19 A van verlede jaar het 'n trotse rekord gehandhaaf vir ons om op voort te bou. Ongelukkig het baie van ons spelers verlede jaar die skool verlaat en sal ons dus vanjaar van vooraf span moet bou. Ons het egter vier spanne ingeskryf nl. 'n 0.14, 0.15 en twee 0.19 spanne. Ons hoop almal sal volgende kwartaal ook hulle bydrae op die rugbyveld lewer sodat ons nooit 'n wedstryd hoef te kanseleer nie.

You soccer guys! There are many of you who could be a gib asset to your school's rugby sides. I hope to see many of you on the field next term.

Daar is 'n moontlikheid van 'n naweektoer na Saldanha maar meer hieroor volgende keer! Geniet hulle vakansie, maar bly tog fiks!!

A. Van Rooyen

## GYM CLUB

All gymnasts are welcome to attend our Wednesday afternoon Gym Club. Girls who whould just like to get fit and lose all the "extras" are also welcome.

# VIR DIE VROU/FEMALES' CORNER

deur Fynproewer


## KOSRUBRIEK

Die pad na 'n man se hart .......

Die ou mense kan maklik se die pad na 'n man se hart is deur sy maag! Ek wonder met watter wyshede hulle vandag, met ons stygende pryse - en veral voedselpryse, sou kwytgeraak het. Vis, hoender, soutribbetjie gemaalde vleis, Boerewors - destyds se staatmakers as die geldjies nie te volop was nie - vat vandag ook erg aan 'n man (vrou?) se sak.

Desnieteenstaande, kom ons probeer darem so 'n paar disse aanmekaar timmer - 'n Visgereg en 'n Gebakte Tert - nie net om die honger te stil nie, maar ook om die hele familie hul lippe te laat aflek.

### DIE VISGEREG



Neem 'n stuk stokvis, genoeg vir die hele gesin en plaas dit net so in 'n oondskottel. Strooi sout, peper en suurlemoen bo-oor asook ½ koppie goedkoop wit wyn gemeng met ± ¼ koppie water. Sit in 'n matige oond en laat stoom vir ± 20 minute.

Haal uit die oond, verwyder grate en vel. Maak 'n witsous van melk en die vloeistof in die oondskottel.

Rangskik vis mooi in die oondskottel terug, giet witsous bo-oor en plaas sonder deksel weer in die oond vir 20 - 25 minute (Indien u 'n stukkie kaas byderhand het, rasper bo-oor voordat u dit in die oond bak.

Plaas 'n stukkie groen enigiest - pietersielie, rissie of kappertjie-blaar bo-op en siedaar! 'n Dis vir enige koning van die huis.

Die wat hulle nog nie aan vetrolletjies steur nie, kan ook gerus hierdie gebakte Tert probeer:

1 Pakkie Marie beskuitjies
1 blikkie gekondenseerde melk
4 eiers
1 suurlemoen
¼ lb. botter
1 koppie suiker.

Rol die Marie-beskuitjies fyn, smelt botter en meng deeglik. Druk dit in 'n vuurvaste glasbak vas. Meng gekondensenseerde melk en geel van 4 eiers geklits saam met suurlemoensap. Skep op kors en bak in oond tot styf (ongeveer 6 min). Klop die 4 eiwitte styf met 1 koppie suiker en 1 teelepel bakpoeier. Skep bo-op gebakte tert en bak weer net tot ligbruin van kleur bo-op. Laat afkoel.

Lekker eet!

### HANDIGE WENKE


Indien u nog nie van die volgende wenke gehoor het nie, kan dit u help om 'n probleem of twee in die kombuis op te los.

* Vul bottels met 'n oplossing van koeksoda en water om ou reuke uit te kry.
* As 'n emalje kastrol aangebrand het, kook soutwater daarin totdat die aanbrandsel sag genoeg is om te verwyder sonder dat die kastrol gekrap word.
* Moenie al die vogtigheid uit die lap uitstryk as u 'n pak klere pars nie - dit laat die pak blink.
* Vla vorm nie 'n skil bo-op as u onmiddellik nadat dit gekook is, suiker daaroor strooi nie.

Oh!, by the way! It will be worthwhile to know the following 10 rules of Beauty. Who knows - perhaps today is the day that you will meet HIM!

1) Enough fresh air
2) Avoid late nights
3) Eat correctly
4) Protect your skin
5) Bath regularly
6) Be neat
7) Stand, walk and sit upright
8) Wash your hair regularly
9) Do not ride if you can walk
10) Attend to your clothes regularly

Good Luck!



MHS

## FASHIONS 1972

## MODES 1972

Fashionwise there is no difference between the sexes these days, because both male and female wear shirts and slacks or jeans. Not to mention the hair - that crowning glory that causes so much comment from the older generation! Little do they realize that these fashions are all out of the 17th century. Even Jan van Riebeeck had long hiar (If you mention this fact to them, they maintain there were no hair-dressers in those days.)


Myns insiens lyk die rokke wat ons vandag dra net soos die rokke wat my ouma as 'n jong meisie gedra het. Tog word ons elke dag vertel hoe belaglik ons lyk.


Deesdae is 'n wye romp met 'n val onder-aan baie gewild, veral as dit boonop nog veelkleurig ook is! Daarby word 'n bloesie asook 'n moulose oortruitjie gedra.

Om dit mee af te rond kan niks 'n Sweedse-leerhandsak en 'n paar platvorm 2 tonhak klop nie.

(Vervolg.) J. Norman 9A







## VIR DIE JEUG

Hierdie afgelope kwartaal het ons alreeds 'n aangename voorsmakie van Kruik se dramas en musiek gehad.

Daar was onder andere heelike voorstellings van gedeeltes uit Shakespeare se „Macbeth" en Jan van Melle se „Tuiskoms". Dan was daar die voordrag van "Charge of the Light Brigade" en "Importance of Being Earnest". Dit was voorwaar 'n Kruik-opvoering wat 'n mens nie gou sal vergeet nie!

Iets minder bekends, maar tog baie interessants, was die Jeugmusiek-opvoering wat nou onlangs deur Konrad Huenteler en Zuzana Uherkovich aangebied is. Die harp en die fluit is twee instrument wat ons al seker baie oor die radio gehoor en dan vinnig afgeskakel het net omdat dit onbekend was.

Dit het egter vir ons werklikheid geword. Toe ons Zuzana daar voor die pragtige, goue en groot instrument sien sit en Konrad fantastiese note uit die fluit hoor tower het.

Ons kan maar net vertrou dat ons hierdie jaar nog baie van Kruik te siene sal kry. Op die manier sal die onbekende en daarom ook ongewilde vir ons - die jeug - bekend en geliefd word!

## LAND SERVICE/LANDSDIENS

We invite you to join the Land Service Club. Subscription fee is only 10c. We are hoping to organize outings next term and to have a "braai". We are also planning to beautify our school grounds.

Daar is ook kampe gedurende die vakansies op Jonkershoek en ons hoop dat baie van ons lede sal kan gaan. Die van julle wat voorheen daar was sal saamstem dat so 'n ondervinding die moeite werd is.

Drie van ons lede, Gert, Hilda en Suzette het die afgelope naweek 'n kamp bygewoon en dit terdeë geniet.




Conversation between two old ladies: "Oh, well, I wouldn't say that man is old, but he had a birthday four days ago, and he is still blowing out the candles."

What is the best way to make an egg-roll? Give it a push.

How do you distinguish between a hippopotamus and an apple? And apple is red.

My sister married a Second Lieutenant - the first one got away.

What's black and white and red all over? An embarrassed zebra.

What's black and white and red all over? A convict with a bad case of sunburn.

## PROVERBS (re-examined)

Do unto others as you would have them to unto you .....

..... but do it to them first.

If at first you don't succeed, try, try, try again .......

..... then stop; it's no use acting silly.

One man's meat is another man's poison ....

.... so be careful where you eat your ham=burgers.

Life is short ......
..... especially if you're a midget.

You can't have your cake and eat it ....
.... unless you have a knife and fork.

People in glass houses should'nt throw stones ....

...... they should throw glass

Better late than never .....
..... unless it's your own funeral.

## DEFINITIONS

**Banker:** A man who lends you an umbrella when the sun is shining and wants it back the minute it starts to rain.

**Fish:** The animal which goes on vacation the same time that most fishermen do.

**History:** A record of events that should never have happened.

**Traffic Light:** A little green light which changes to red when your car approaches it.

P. Stodel 9E

## LIMERICKS

with acknowledgements

1. There was once a student named Essar,
whose knowledge grew lessar and lessar
It at last grew so small,
He knew nothing at all,
And now he is a college professor.

2. At the top of the tower of Pisa,
Said a boy to his girl just to tease her,
"If I lean on this wall,
The whole thing will fall" -
So he did. And it did. Rest in peace, Sir.

There was a cricketer named Keith
Who while batting got hit in his teeth
He called to the bowler and spat out a molar
A little more care if you pleath.

M. Clifton
7E

Van der Merwe doen aansoek by 'n werkgewer in Uitenhage

Werkgewer: „Meneer, het jy matriek deurgekom?"

Van der Merwe: „Nee wat ek het sommer Despatch deurgekom."

Onderwyser: „Jannie het jy nie jou hare gekam nie?

Jannie: „Het nie kam nie, meneer"

Onderwyser: „Waarom het jy nie jou pa se kam geleen nie?"

Jannie: „Hy't nie hare nie meneer."


Wat is die toppunt van teleurstelling?

As jy in die spieel kyk en jy sien niks.


Wat is die toppunt van vertraagdheid?

As jy omdraai en jyloop in jouself vas.

MODERN ART



Cow eating grass
No more grass
Cow walks away.




G. Wooding 9E

